~ MM 4/2 - aanpassing begroot
- vanaf 2001 to nou

* MM 19/3/15

# Ooreenkoms

AANGEGAAN DEUR EN TUSSEN

**KAREEBERG MUNISIPALITEIT**

EN

**CSB HANDEL**

(hierin verteenwoordig deur mnr. J. van der Westhuizen, hierna genoem CSB Handel)

Aangesien die MUNISIPALITEIT, CSB HANDEL versoek het om elektriese dienste te behartig, en aangesien CSB HANDEL bereid is om personeel aan die MUNISIPALITEIT toe te deel om sodanige funksies uit te voer.

DERHALWE KOM DIE PARTYE AS VOLG OOREEN

1. CSB HANDEL sal 'n gekwalifiseerde elektrisiën en nutsmanne tot die MUNISIPALITEIT se beskikking stel om namens die MUNISIPALITEIT die funksies soos hieronder uiteengesit te verrig.

2. CSB HANDEL sal nie aanspreeklik wees vir enige verlies wat die MUNISIPALITEIT mag lei vir dienste gelewer waaroor nie ooreengekom is nie.

3. Die personeel van CSB HANDEL is verantwoordelik vir die lewering van 'n elektrisiteit dienste te Carnarvon, Vanwyksvlei en Vosburg. Die werke sluit in elektrisiteit verspreiding en watervoorsiening.

4. As vergoeding sal die MUNISIPALITEIT aan CSB HANDEL maandeliks 'n bedrag van R20 000.00 (BTW uitgesluit) betaal soos ooreengekom. CSB HANDEL voorsien eie vervoer te Carnarvon, eie selfoon en 24 uur bystand.

5. Hierdie ooreenkoms strek vir 'n tydperk van vyf (5) maande en neem in aanvang op 1 Februarie 2015. Dit kan egter deur enige van die partye met twee (2) maande skriftelike kennisgewing opgesê word.

J.vdW

6. Hierdie ooreenkoms bevat die gehele ooreenkoms tussen die partye en geen wysigings behalwe 'n skriftelike wysiging sal van krag wees nie.

7. Die koste vir die opstel van hierdie ooreenkoms sal deur die MUNISIPALITEIT betaal word.

*GETEKEN TE* **CARNARVON** *OP HIERDIE* 2 *DAG VAN* Februarie *2015*

**AS GETUIE:**

1. Alan Schalk

2. ______________________

______________________
MUNISIPALE BESTUURDER

**AS GETUIE:**

1. EMM vd Vesth

2. ______________________

______________________
J VAN DER WESTHUIZEN
(nms CSB HANDEL)